

Sing vooraf: Psalm 119:11 (p. 588)

- 11 HEER, leer my u wet dat ek dit / tot die einde toe kan hou;
gee verstand en gee volharding, / dan bly ek daaraan getrou.
Laat my leef na u bevele – / niks wat my so kan behaag.
Neig my hart daartoe, maar nimmer / om na woekerwins te jaag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm Psalm 25:5, 7 (p. 116)

- 5 Ja, Gods weg is goedheid, klaarheid, / en sy weg altyd getrou
vir wie wandel in sy waarheid / en op sy beloftes bou.
Wil my dan, u Naam ter eer, / al my sondeskuld vergewe;
want ek het teen U, o HEER, / swaar en menigmaal misdrewe!
- 7 Gods geheim'nis is die lewe / vir wie wandel in sy vrees;
en Hy 't sy verbond gegewe / om vir hul 'n lig te wees.
'k Hou my oë op die HEER / wat my so getrou gelei het,
want Hy voer my voete weer / uit die net wat hul gesprei het.

Gebed

- *Doksologie*
- *Aanbidding*
- *Skuldbelydenis*

Vergifnis

- *Dank*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, overhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens*

Amen.

Psalm 18:11 (p. 75)

- 11 Sy ordening, dié was voor my, / ek het sy woord getrou gebly.
Ek was opreg van hart voor Hom / en wou op onregspad nie kom;
sodat die HEER, sy trou tot prys, / en na die reinheid van my hand,
sy woord gegee het as my pand / en my my reg het toegewys.

Skriflesing: Prediker 12

Teks: Prediker 12:13,14

Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense. Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg.

(Prediker 12:13-14 AFR1953)

Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense.

- Met hierdie paar woorde roep die Here alle mense – gelowiges en ongelowiges – tot verantwoording.
- Die hoofsaak/belangrikste ding is dus gehoorsaamheid aan God en alles wat in die lewe daarmee saamgaan

Die opdrag loop soos 'n refrein deur die Bybel. Vroeg al laat God Moses dit vir die volk leer:

. . . dat jy die HERE jou God kan vrees om al sy insettinge en sy gebooie wat ek jou beveel, te hou – jy en jou kind en jou kindskind al die dae van jou lewe; en dat jou dae verleng kan word. (Deuteronomium 6:2 AFR1953)

Later hoor ons dieselfde by een van die Psalmdigters:

. . . Halleluja! Atef. Welgeluksalig is die man wat die HERE vrees, Bet. wat 'n groot welbehae in sy gebooie het. (Psalm 112:1 AFR1953)

Een keer leer die Here Jesus ons oor wie die Heilige Gees is en wat Hy alles doen. Hy sê toe:

En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe. (Johannes 14:16-18 AFR1953)

Net daarna maak die Here Jesus toe hierdie uitspraak:

Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar. (Johannes 14:21 AFR1953)

Die bedoeling van sy woorde is mos duidelik:

- As ons 'n lewende band met God die Heilige Gees het, kan dit nie anders nie – ons sal onder sy leiding in gehoorsaamheid al die Here se gebooie doen.
- In ons gehoorsaamheid aan die wil van die Here openbaar die Here Hom dan ook in sy liefde aan ons.

Later skryf die apostel Paulus 'n brief vir die gemeente wat daar in Korinte was.

- Uit die brief kom ons agter dat hulle 'n hoë waarde geplaas het op sekere geloofserfenisse, soos byvoorbeeld die besnydenis.
- Daarom laat die Heilige Gees deur Paulus se pen vir die gemeente weet dat dinge soos die besnydenis nie enige waarde het nie.
- Die vraag is of jy die gebooie van God onderhou – dit bepaal of jy 'n lewende band met God het of nie!

Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die onderhouding van die gebooie van God. (1 Korintiërs 7:19 AFR1953)

In Johannes se eerste sendbrief gee die Bybel aan hierdie saak so 'n laaste angel:

Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. (1 Johannes 2:4 AFR1953)

Al hierdie dinge gebeur natuurlik nie sonder ons gelowige en aanhoudende gebed daarvoor nie.

- Om die wil en werke van die Here te kan doen, vereis natuurlik dat 'n deel van ons gebed sal moet handel oor wedergeboorte en bekering.

Om die wil van die Here te kan doen, is nie so maklik nie, want ons natuur maak dat ons ons eie ding wil doen.

- Dink maar net aan ons menseverhoudinge – hoe ons hardkoppig by ons eie standpunte bly en nie iewers wil buig nie.
- Met ons geloofsluwe is dit presies dieselfde. Daarom moet ons bid vir wedergeboorte en bekering.

- Dit beteken dat ons die Here moet bid om ons gehoorsaam te maak aan Hom. Hy moet ons asseblief help om te verander sodat ons uit onself uit kan wegkom en in sy heerlijkheid inbeweeg met al die dinge wat ons daagliks doen.

Nog 'n rede waarom hierdie stuk van ons gebed belangrik is, is omdat dit normaalweg nie lekker is om te doen wat die Here vereis nie.

- Ons steek vas en raak in verset.
- Daarom is godsdienste vir baie mense iets wat hulle traag en sonder vreugde doen.
- As die Here ons deur ons daaglikse bekering en wedergeboorte verander, dan kom ons op 'n punt waar ons met werklike blydskap die dinge doen wat vir God belangrik is.

Ons belydenis benoem hierdie saak op 'n hele klomp maniere. Natuurlik kry ons alles uit die Bybel uit. So sal ons bekering en goeie werke raakloop as *die verloëning van ons eie wil*.

En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg. (Lukas 9:23 AFR1953)

Ons lees in 2 Korintiërs 10:5 dat ons al ons eie idees en gedagtes wat teen die Here s'n indruis, moet afbreek en die dinge wat tot sy eer is en wat ons aan Hom gehoorsaam maak, vir onself moet toe-eien:

. . . terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus, (2 Korintiërs 10:5 AFR1953)

By nog 'n ander geleentheid spreek die Here ons aan omdat ons ons liefde vir mense voorgooi sodat ons ons gehoorsaamheid aan Hom kan terugskuif. Dis nie reg nie en moet dus omgekeer word:

Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie. (Matteus 10:37 AFR1953)

In Psalm 115 laat die Heilige Gees ons al ons eie eer neerlê, en aan God alleen alle eer gee. Dit kan natuurlik ook net gebeur wanneer ons leef en doen wat die Here vra!

Nie aan ons, o HERE, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer, om u goedertierenheid, om u trou ontwil. (Psalm 115:1 AFR1953)

Ons kan ook nie enige gebod van die Here onderhou as die Here self ons nie die krag gee nie.

- Om dus onderhouers van God se geboorte te kan wees moet ons dit van Hom afsmeek in ons gebede.
- Dan laat Hy dit in en met ons gebeur.

Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee. (Filippense 4:13 AFR1953)

Ons sal ook nie iets vir medegelowiges kan voel as ons nie ons eie wil en ons selfgesentreerdheid prysgee nie. Luister hoe getuig iemand wat in die tronk was van ander gelowiges se meelewing met hom:

Want julle het ook saam met my gevoel in my boeie, en julle het die berowing van julle goed met blydskap aanvaar, omdat julle geweet het dat julle in juisself 'n beter en blywende besitting in die hemele het. (Hebreërs 10:34 AFR1953)

Miskien is dit belangrik dat ons soos gelowiges wat voor ons gelewe het so bereid sal wees om aan die Here gehoorsaam te wees, dat ons ons eie lewe met alle voordele daarvoor sal prysgee. Dink maar byvoorbeeld aan die apostel Paulus:

Maar Paulus het geantwoord: Wat doen julle dat julle ween en my hart week maak? Want ek is bereid nie alleen om gebind te word nie, maar ook om in Jerusalem te sterwe vir die Naam van die Here Jesus. Toe hy dan nie oor te haal was nie, was ons tevrede en het gesê: Laat die wil van die Here geskied! (Handelinge 21:13-14 AFR1953)

Die inhoud van ons gebed dat die Here sy wil moet laat geskied, beteken dat ons by Hom smeek om ons sodanig te verander dat ons aan Hom gehoorsaam kan en sal wees soos wat die engele wat nou daar in die hemel besig is met aanbidding, aan Hom gehoorsaam is.

Aanvanklik was ons so gehoorsaam aan die Here, maar toe kom die kleitrappery in die sonde mos!

- Maar deur die genade van God het Hy 'n menslike liggaam aangeneem en onder ons kom woon.
- In hierdie hele proses het Hy aan en in sy menslike liggaam geweldige lyding ondergaan as gevolg van ons sondes.
- Uiteindelik het Hy die volle oordeel van God aan die kruis gedra toe Hy gesterf het.

Sy dood maak dat ons weer gaan wees soos wat ons voor die sondeval was.

- In die hiernamaals sal die proses eers honderd persent volmaak afgehandel wees.
- Maar in hierdie lewe is ons verandering na die volmaaktheid toe al aan die gang – danksy die genade wat aan ons toegeken word deur die kruis van ons Here Jesus Christus.

Ons moet dus in hierdie lewe ons verantwoordelikheid om die wil van die Here te doen in groot dankbaarheid teenoor die Here nakom.

Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense. Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg. (Prediker 12:13-14 AFR1953)

Kom ons lees wat hieroor in ons belydenis geskryf staan in die Heidelbergse Kategismus Sondag 49:

Vraag 124: Wat is die derde bede?

Antwoord: *Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Dit is: Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee (a) om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpraterij gehoorsaam te wees (b), sodat elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan beoefen en uitvoer (c) soos die engele in die hemel (d).*

(a) Matt 16:24; Tit 2:11, 12. (b) Luk 22:42; Ef 5:10; Rom 12:2. (c) 1 Kor 7:24. (d) Ps 103:20, 21.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 4-3:2 (nuut)

- 2 Aan sy verbond bly Hy getrou; / beloftes sal Hy hou.
Daarom kan ons Hom altyd dien / solank ons hier mag leef.
Die vyand sal ons werke sien / en almal voor Hom beef.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 17 Januarie 2010